

PLAASINLIGTING

LIGGING: Sondagsriviervallei, Oos-Kaap

NAAM: Moedskepvlaakte (een van vier organiese gesertifiseerde sitrusplase in die Soga Organic-maatskappy)



GROOTTE: 100 ha besproeiingsplaas

EIENAARSKAP: Die plaas behoort aan Eddie se broer, Johnny Ferreira. 'n Kontrak en skriftelike ooreenkoms is opgestel sodat die hoenderboerdery binne die reëls en regulasies van die sitrusboerdery en voorskrifte van organiese sertifisering bly.

KORTOM

- Nadat mnr. Eddie Ferreira 18 maande gelede 'n organiese pluimveevertakking op 'n sitrusplaas in die Sondagsriviervallei begin het, het dit vinnig uitgebrei.
- Omdat produksiekoste hoog en die winsgrens klein is, gee skaal die deurslag – sowat 5 000 henne lê gemiddeld 100 000 eiers per maand.
- Die hoenders word GM vrye mielies en soja en organiese gesertifiseerde mielies gevoer wat uit Malawi en Zambië ingevoer word, en in die Noord-Kaap by Prieska geplant word. Dit word ook by die Universiteit van die Vrystaat getoets.



Mnr. Eddie Ferreira (naasregs) en van sy regterhande op die plaas, van links, mnr. Siyabonga Jonas, Mzetha Skhosana en Mzwothando Yawa. FOTO: #MARCMLNEONE

Om organiese te boer kom teen 'n prys, maar as jy dit reg aanpak, hoef jou winsmarge nie ten koste van jouself of die verbruiker te wees nie.

Toe mnr. Eddie Ferreira, eierboer op die plaas Moedskepvlaakte naby Kirkwoord in die Oos-Kaap, se broer Johnny hom vra om nog 'n organiese vertakking op sy plaas te ontwikkel, het hy nie slaap verloor nie.

Dit was 'n logiese uitbreiding van een van vier internasionaal gesertifiseerde organiese sitrusplase van Soga Organic in die Sondagsriviervallei. Soga se organiese boerdery in verwerkingsaanleg produseer jaarliks genoeg 2 000 ton suiwer sap wat uitgevoer word en 6 ton sitrusolie wat aan plaaslike markte verskaf word.

Die 5 000 Lohman Brown-lêhenne wat tussen die lang gras en onkruid tussen die sitrusbome skrop, is 'n belangrike skakel om die organiese boerderysiklus te bevorder.

Oor die besigheid wat hy agttien maande gelede begin het, sê hy: “Dit het geweldig vinnig gegroei, en ek leer elke dag iets. Ek moes die kos soek, bemarking en verspreiding hanteer . . . Ek moes alles self doen.”

Eddie's Eggs word tans in die kusgebied tussen Port Elizabeth en Knysna asook in

Hoenderhemel in die Sondagsriviervallei

Al is die finansiële risiko's groot om 'n organiese hoenderboerdery aan te pak, boer mnr. Eddie Ferreira met die grootste gemoedsrus in die Sondagsriviervallei. Hy het die regte skaal ontdek, geskikte voer wat aan die hoogste standaard voldoen, en kan gemaklik die lewering van 100 000 eiers per maand verdubbel.

Johannesburg en Kaapstad verkoop. Afsetpunte is onder meer gesogte restaurante op Port Elizabeth, Humansdorp, Jeffreysbaai, Knysna, Port Alfred en Plettenbergbaai.

Die produksiekoste is hoog en die winsgrens klein, daarom moet jy op groot skaal boer om hierdie soort eierboerdery te laat werk. “Met 1 000 henne gaan jy dit nie maak nie. Op my skaal van 5 000 henne is dit 'n besigheid, maar dit is ook 'n sielerus-leefstyl.”

Tans lewer die boerdery gemiddeld 100 000 eiers per maand, wat Eddie teen dubbeld die prys van dié van batteryhoen-

dereiers verkoop. “Ek sit nooit met eiers wat ek nie verkoop kry nie. Ek wil die henne vermeerder tot 10 000, want daar is nog plek op die plaas.”

'N GOEIE FOUT

'n Toevallige “wiskundefout” wat tot gevolg gehad het dat 30 meter in 'n boord nie deur lêhenne bewei is nie, het gewys hoe belangrik hoenderbemesting vir sitrusboomgesondheid is.

“My pluimveenette is 50 meter lank – twee word aan weerskante van 'n boord, dus



Die 5 000 Lohman Brown-henne wat tussen die lang gras en onkruid rondskop, vorm 'n belangrike skakel om die organiese boerderysiklus op die plaas te bevorder. FOTO: #MARCMLNEONE



Die plaas is 100% naspeurbaar. Elke oggend word al die eiers getel en agter die nommer van die karavaan neergeskryf sodat die lêpersentasie bereken en bygehou kan word. FOTO: MARISKA SPOORMAKER



Só lyk een van die 16 hoenderkaravane – in elk lê sowat 300 henne hul eiers en dis ook waarin hulle oornag. Om elke karavaan is 'n kamp van 1 800 m² in 'n boord of weiveld waarin die hoenders skop. Die karavane word tweeweekliks geskuif, wat 'n hele gedoente is. FOTO: MARISKA SPOORMAKER

Om die rekordhouding 100% te help hou, en tussen die henne van die verskillende karavane te onderskei, kry elkeen die kleurbandjie van haar karavaan om 'n poot.

“'n Hoender kan maklik agter 'n kriek of insek aanvlieg en anderkant die pluimveenete beland, dan wys die kleurbandjie in watter karavaankamp sy hoort.”

Vlak by ons pik 'n hoender aan 'n kakiebos. “Die meeste mense haat 'n kakiebos en haal dit uit. Dié hoenders eet dit, en kakiebos is goed vir hul immuunstelsel.”

'n Basterhond staan behoedsaam nader. “Drie honde pas die hoenders op. “Ek het hulle by die Port Elizabethse dierewelsynsorganisasie gekoop nadat ek gevra het vir drie waghonde wat nie hoenders sal pla nie.”

Benewens die honde bly drie personeellede in hul eie karavane by die hoenders en help hulle oppas. Hul ander take is versorging, voeding, eiers uithaal en rekordhouding.

OORSKAKELING NA ORGANIES

Eddie het in Augustus 2017 sy GM vrye eierboerdery met twee hoenderkaravane op Johnny se plaas begin.

“Ek het die kans aangegryp. Johnny wou dit nog altyd doen, maar is te besig. Dit het hom tien jaar gevat om van konvensionele kommersiële sitrusboerdery na organies oor te skakel. **Ons pa is dood aan kanker, daarna ons suster. Toe Johnny siek raak en amper dood is, het hy besluit hy is klaar met gif en chemikalieë.** Die oorskakeling na organies het hom amper sy plaas gekos, maar hy is daardeur en nou is hy een van vier organies gesertifiseerde sitrusboere in die Sondagsriviervallei.” ▶

100 meter altesaam – opgeslaan. Dié boord was 130 meter lank en gevolglik het die hoenders nie in die 30 meter in die middel geskop nie.

“Ses weke later roep Johnny my en wys die hemelsbreë verskil. Daar waar die hoenders nie geloop het nie, was die gras en die bome geel, terwyl die res groen was. Hoewel die sitrusbome natuurlike aanvullings kry, kon jy steeds die verskil in daardie 30 meter sien. **Hoendermis is baie hoog in stikstof en stikstof laat 'n plant groen raak en groei.”**

Benewens die roterende eierkampstelsels in die boorde, word daar van tyd tot tyd kamp in die weiveld opgeslaan.

“Dit gebeur in pluktyd. Een van die veristes om internasionaal organies gesertifiseerd te wees, is dat daar in die drie maande voor pluktyd nie diere of pluimvee in die sitrusboorde moet wees nie; die hoenders moet dus uit.”

Naby ons sien 'n mens stof trek soos 'n hen haar stofbad geniet. “Hulle is lief daarvoor,” sê Ferreira. “Is dit nie mooi nie? As jy hier rondstap, voel jy goed. Jy hoef nie

'n miljoenêr te wees om goed te voel nie. **Ek was 'n miljoenêr, ek het 'n suksesvolle in-en-uitvoeronderneming in Mpumalanga gehad, maar ek was ongelukkig en eensam.**

“Nou is ek gelukkig, en wat my gelukkiger maak, is kliënte se positiewe terugvoering oor die eiers, en oor hoe my hoenders leef.”

100% REKORDHOUDING

Elk van die sestien hoenderkaravane het 'n kamp van 1 800 m² in die boord en/of weiveld waarin 300 Lohman Browns rondskop. Elke kamp is met geëlektrifiseerde pluimveenette omhein om roofdiere uit te hou, en sonpanele op elke karavaan se dak voorsien die krag daarvoor.

Valke is 'n probleem, maar Ferreira se beleid is dat die valke ook nou en dan iets moet kry om te eet. “Dit bly darem net sowat een of twee per week.”

Die hoenders lê hul eiers in die karavane en oornag daarin. Sonder beweeg die henne na die karavane en wanneer die laastes in is, word die deure toegemaak. Sonop word die deure weer oopgemaak.

◀ Op sy beurt moes hy die “universiteit van hoenderboerdery” betree, lag Ferreira. Askind op die familieplaas Wicklow naby Mookgophong (voorheen Naboomspruit) in Limpopo het hy hoenders as stokperdjie aangehou.

Een van sy grootste probleme was om ’n doeltreffende hoenderkaravaan te ontwerp en te bou. “Ek het na idees gekyk, dit ontwerp en baie boufoute gemaak wat ek moes regstel. Dit kos sowat R100 000 om ’n ordentlike,

doeltreffende hoenderkaravaan te bou.”

In die hoenderkaravane is lênestes, ’n groot hoenderstellasie en drupkraantjies, wat deur swaartekrag van die watertanks buite die karavaan na die rooi kraantjies in die karavaan herlei word.

“Hoenders hou van ’n rooi of blink ding, hulle is nuuskierig, pik daaraan en dan kom water uit,” verduidelik Ferreira.

Om GM vrye mielies en soja, asook organies gesertifiseerde mielies in die hande

te kry, was nie maklik nie. Wye soekspore deur Afrika, onder meer Malawi en Zambië, waar die verbouing van GM gewasse verbied word, het hom na die regte produsente gelei.

Hy het ook ’n kontrak gesluit met die Prieska-boer mnr. Bertie Coetzee. “Hy boer in ’n afgeleë gebied. GM besmetting kan nie gebeur nie en die plaas is organies gesertifiseerd. Bertie het ’n mark vir sy organies geproduseerde mielies en ek het ’n plek waar ek my mielies kan kry.”

Ferreira onthou goed hoe die eerste handelaars gereageer het toe hy die eiers teen ’n veel hoër prys as die deursnee-eier gaan bemark het. “Van die mense het verbaas geraak of die eiers van goud gemaak is.”

Nadat hy aan hulle verduidelik het die hoenders skrop op organiese weiding en kry 100%-gewaarborgde GM vrye byvoeding, het hulle begin luister. “En as hulle eers die video’s van my hoenders in die boorde of op weilande gesien het, sê hulle sit dit maar op die rak, en dan verkoop dit goed.”

Tog beteken ’n goeie mark nie dat Ferreira kan terugsit en ontspaan nie. “Elke jaar is dit ’n groot kapitale uitleg, want ek moet voortbetaal vir al die voer, ook die koopsom vir die plant van die voer.” Ferreira voer sy hoenders 600 kg per dag.

“Die GM vrye sojakoek word teen ’n baie



Buiten die eivertakking eksperimenteer Ferreira tans met vleis-hoenders. Sowat 70 hoenders word daaglik in ’n blou draagbare hoenderhok geskuif. Hy is deeglik bewus van die noodsaak om in harmonie met die natuur te boer. FOTO: MARISKA SPOORMAKER

BETAAL MENSE MEER VIR ORGANIESE PRODUKTE?

Veldgevoerde vleis, eiers van vrylopende hoenders, klipgemaalde meel . . . ’n handjievol produsente bemark sulke spesiale produkte, maar hulle moet hul teikenmark goed ken en oppas.

Me. Hester Vermeulen van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) is nie bewus van enige studies wat plaaslike verbruikers se bereidwilligheid toets om hul hand diep in die sak te steek vir sulke eiesoortige produkte nie.

“Dié produkte is op die rak beskikbaar en dit verkoop, dus is daar beslis mense wat dit verkies. Selfs sekere kettingwinkels het spesifieke nisreëks, maar dis nie deel van die hoofstroommark nie,” sê sy.

Vermeulen reken 5-10% van Suid-Afrikaners kan sulke produkte bekostig én wil dit koop.

“’n Mens moet in ag neem dat almal wat dit kan bekostig, nie noodwendig daarin sal belang stel nie. Produsente het dus regtig ’n nismark. Verbruikers se bereidwilligheid om meer daarvoor te betaal, sal daarvan afhang of hulle dit as voordelig sien of nie.”

Die opvatting dat organiese kos voedsamer en smaakliker as konvensionele kos is

en dat organiese landboupraktike boere bevoordeel, is van die vernaamste redes waarom mense organiese kos verkies, skryf me. Wendy Engel in ’n studie (2009) by die Universiteit van Pretoria oor hoekom mense organiese kos koop. Haar navorsing het getoon jonger mense is meer geneig om organiese kos te kies. Verbruikers verlang egter ’n soort waarborg van die organiese oorsprong van die produkte.

Mnr. Eddie Ferreira sê mense het gefrons toe hy sy organiese eiers aanvanklik teen ’n veel hoër prys as konvensionele eiers begin bemark het. As pryse in kettingwinkels vergelyk word, kos “gewone” ekstragroot-eiers sowat R43 vir 18 eiers, maar vrylopende hoenders se eiers gaan jou sowat R60 vir 18 ekstragroot-eiers uit die sak jaag.

Wat die restaurantbedryf betref, geld ander reëls in ’n mate, want verbruikers se prysensitiwiteit is anders in eetplekke as wanneer hulle kruidentiersware koop, sê Vermeulen.

Vir me. Michelle Bailey, algemene bestuurder van die restaurant Hello, It’s Me in Port Elizabeth, is dit glad nie ’n moeilike som om te maak nie.

“Ons restaurant maak gesondheidsbewuste keuses. Ek wil weet wat in my lig-

gaam ingaan en ek wil my klante dieselfde opsie gee. Organiese eiers bevat baie meer voedingstowwe as konvensionele eiers, en dit maak vanuit dié oogpunt klaar sin om meer daarvoor te betaal. Wat is die doel daarvan om ’n eier te eet as jy nie die proteïen daaruit kry nie?

“Die gehalte van organiese produkte is beter en ons vind dat organiese eiers baie langer hou. Ons berei baie geposjeerde eiers, en omdat die organiese eier se wit dikker is, behou dit sy vorm baie beter wanneer dit geposjeer word - selfs al is die eiers twee weke oud.”

Dan en wan is daar mense in die restaurant wat nie kan verstaan waarom hulle R32 vir twee geposjeerde eiers op roosterbrood moet betaal nie, maar die meeste van hul klante gee nie om nie.

“Hulle weet hulle kry 100% organiese eiers op boetiekbrood (*artisanal bread*) wat van klipgemaalde meel gemaak word.”

Volgens Bailey is dit moeilik om verskaffers van suiwer organiese produkte te kry.

“Ons wil graag nét organiese produkte en GM vrye produkte aankoop, maar sodra jy die verskaffers begin uitvra oor hul insette en metodes, verdwyn hulle gewoonlik soos mis voor die son.”

hoë prys van Zambië ingevoer – byna dubbel meer as GM sojakoek. Organiese gesertifiseerde mielies is sowat 200% duurder as konvensionele mielies, en GM vrye mielies 60% duurder as konvensionele mielies. Die vervoerkoste moet ook in berekening gebring word, en beloop R1 000 per ton.”

Buiten die aankoop van voer, streef Eddie's Eggs daarna om plaaslike dienste en produkte te ondersteun. 'n Deel van die padvervoer van die eiers is aan Baaise vervoerdienste uitgetoon, 'n Karoo-boer lewer die Lohman Browns, en 'n Baaise maatskappy doen die verpakking. “Al die verpakking is van 100% herwinde materiaal.”

DIE BYVOEDING

Die hennese byvoeding is volgens 'n formule van 'n voedingskundige saamgestel uit kalk, lusern, mielies, vitamien, sonneblom, soja en hawer. Die soja, van Zambië of Malawi, is GM vry. Die mielies in die rantsoen bestaan uit 'n derde gesertifiseerde organiese mielies en twee derdes is GM vry.

Die Universiteit van die Vrystaat toets dat die mielies en soja wel GM vry is voor dit by die rantsoen gevoeg word.

Die voedselrantsoen in sy geheel bevat geen hormone, insek- of onkruidodders nie.

“Ons skuif elke dag die voerhouers 'n entjie verder in die kamp in sodat die hennes oral kan mis. Hoe verder die voerhouers van hul karavane weg is, hoe verder gaan die hoenders uit en hoe ewerediger word die kamp bemes.”

Die hoenders skrop twee weke op 'n plek, en dan word die karavane en kampe na 'n ander boord geskuif.

“Ons het hulle gister van die ander plaas, sowat 5 km hiervandaan, geskuif. Die skuiwery is 'n gedoente, en sowat tien werkers is daarvoor nodig. Teen 06:00 moet die karavane al by die nuwe staanplek wees sodat die pluimveenette vir die onderskeie kampe

Ferreira het deur 'n “toevallige fout” agtergekome hoe belangrik hoenderbeming vir die sitrusbome op die plaas is. “Hoendermis is baie hoog in stikstof en stikstof laat 'n plant groen raak en groei.”

FOTO: MARISKA SPOORMAKER



opgeslaan kan word. Ons probeer teen 09:00 klaar wees sodat ons die karavaandeure kan oopmaak.”

Die voordeel van die skuiwery is dat die hoenders se skroopplek nooit kliphard of kaalgeveet raak nie. Dié rotering hou ook groot voordeel vir die boorde in, want die hoenders pas plaagbeheer organiese toe en versprei hul stikstofryke mis eweredig.

SLAGHOENDERS

Op Moedskepvlaakte sien jy ook 'n blou, draagbare hoenderhok met sowat 70 hoenders daarin, staangemaak in 'n sitrusboord.

“Dit is 'n eksperiment met vleishoenders. Ons trek dié draagbare hok elke dag 'n entjie verder, sodat die hoenders vars gras, onkruid en goggas kan losskrop.”

Die hok se raamwerk is van PVC-pype en dus lig genoeg vir een mens om te skuif. Reg rondom die hok is versterkte plastiekogiesdraad sowat 30 cm plat op die grond om te keer dat klein roofdiere onderdeur grawe. Die “plastiekflappe” word opgevoer voor die hok vorentoe getrek word en afgevoer wanneer die hok op sy nuwe plek staan. 'n Dubbelnet is oor die raamwerk gespan om te help keer dat voëls of roofdiere kan inkom.

Die vleishoenders is ses tot agt weke oud. As hulle batteryhoenders was, was hulle al geslag, sê Ferreira.

“Dié hoenders groei stadiger, sonder hormone en antibiotika. Ek wil vasstel wat dit

kos om hulle groot te maak en as dit werk, wil ek meer draagbare hokke bou en meer vleishoenders aanskaf.”

GELUKKIGE HOENDERS

Ferreira sê sy hoenders sal nooit die 92%-lêpersentasie van batteryhoenders haal nie.

“Batteryhoenders leef in 'n konstante temperatuur van ongeveer 21 °C. My hennes word elke dag blootgestel aan natuurlike elemente soos hitte, koue, reën, selfs valke. Dit alles raak die hoender se energie en beïnvloed dus die eierproduksie.

“My hennes se lêpersentasie wissel van 65% tot 85%, en dit is heeltemal in die haak vir my, want hulle is gelukkige hoenders.”

Wanneer sal hy van die hennes ontslae moet raak? “Wanneer die lêpersentasie van 66% tot 55% begin draai. Omdat rekord gehou word van elke karavaan se lêpersentasie, sal ek presies weet watter karavaan se hennes moet gaan.”

Dit was tot dusver nog nie nodig om van hennes ontslae te raak nie, maar as die dag aanbreek, sal Ferreira hulle te koop adverteer sodat hulle hopelik in 'n tuin kan aftree. “Ek moet ietsie terugkry vir die lêhenne, dit is deel van my begroting. Gelukkig is daar heelwat mense wat hulle wil aanneem.” **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Eddie Ferreira, sel 082 7717434, webblad: farmereddie.co.za; Facebook: Eddie's Eggs.

SAKKE

SAKKE EN GEWEEFDE POLIPROPILEEN-PRODUKTE

- Meelsakke 12,5 tot 80 kg
- Massasakke 100 tot 2 000 kg

MYNBOU • LANDBOU • NYWERHEID

CB ENTERPRISES

Tel. 086 197 7224 • Sel 082 859 0793
E-pos: sales@cbenterprises.co.za
SHARON, Sel 084 585 9888



Trotse Vervaardiger van: CHEMVET HINGE-JOINT

Hoe kom Chemvet Hinge-Joint?



- Vinnige & maklike oprigting.
- Volversinkte draad verleng lewensduur.
- Pasmaak volgens u behoefte.
- Rolle kompak vir maklike vervoer.
- Kan geëlektrifiseer word.
- Voldoende voorraad asook spoedige aflewering.

Topverkopers in Hinge-Joint reeks:

- Roofdier
- Vee
- Kombinasie
- Uitblok
- Wildwering

100m Rolle



www.chemvet.co.za
Tel: 011-437-9000